FW de Klerk

Frederik Willem (FW) de Klerk is op 18 Maart 1936 in Johannesburg gebore, die seun van senator Jan de Klerk, 'n senior kabinetsminister. Hy het sy skooljare grotendeels op Krugersdorp deurgebring, waar hy aan die Hoërskool Monument matrikuleer het.

Hy het aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer en in 1958 die grade BA- en LLB (*cum laude*) verwerf. Gedurende sy universiteitsjare was hy aktief by studente aangeleenthede betrokke.

Mnr De Klerk het by 'n prokureursfirma in Vereeniging aangesluit, wat hy help opbou het tot een van die voorste prokureursfirmas buite Suid-Afrika se groot metropolitaanse gebiede. Terselfdertyd het hy 'n prominente rol gespeel in verskeie gemeenskapsaktiwiteite. In 1972 is hy 'n professoraat in Administratiefreg aan die Potchefstroomse Universiteit aangebied, maar moes dit van die hand wys vanweë sy besluit om die politiek te betree. Hy is in November 1972 verkies as Lid van die Parlement vir Vereeniging.

In 1978, en kort ná sy 42ste verjaardag, na slegs vyf en 'n half jaar as agterbanker, is hy verkies tot die kabinet. Gedurende die daaropvolgende 11 jaar was hy vir die volgende portefeuljes verantwoordelik:

- Pos- en telekommunikasie en Maatskaplike Welsyn en Pensioene;
- Sport en Ontspanning
- Mynbou en Omgewingsbeplanning
- Mineraal- en Energiesake;
- Binnelandse Sake, asook die Staatsdiens; en
- Nasionale Opvoeding (die portefeulje wat hy behartig het tot sy verkiesing as Staatspresident).

Op 1 Julie 1985 is mnr De Klerk verkies tot Voorsitter van die Volksraad se Ministersraad en op 1 Desember 1986 word hy die Leier van die Volksraad. Op 6 Maart 1982 word hy verkies as die Leier van die Nasionale Party in die Transvaal. Die koukus van die Nasionale Party verkies hom op 2 Februarie 1989 tot die nasionale Leier van die Party.

Op 15 Augustus 1989, ná die bedanking van President PW Botha, word mnr De Klerk die waarnemende Staatspresident, en na afloop van die algemene verkiesing op 6 September, is hy op 20 September ingehuldig as Staatspresident. Mnr De Klerk het as Staatspresident gedien tot en met President Nelson Mandela se inhuldiging op 10 Mei 1994. Gedurende hierdie tydperk het hy die inklusiewe onderhandelings van stapel gestuur en bestuur, wat gelei het tot die beëindiging van apartheid en die aanvaarding van Suid-Afrika se eerste ware demokratiese grondwet in Desember 1993.

Nadat hy die Nasionale Party gelei het tot die tweede plek in Suid-Afrika se eerste ten volle verteenwoordigde algemene verkiesing op 27 April 1994, is mnr De Klerk ingehuldig as een

van Suid-Afrika se twee Uitvoerende Adjunkpresidente. Hy het in hierdie posisie gedien tot aan die einde van Junie 1996 toe sy Party, onder sy leierskap, besluit het om van die Regering van Nasionale Eenheid te onttrek. Hy was Leier van die Amptelike Opposisie tot en met sy uittrede uit die aktiewe politiek op 9 September 1997.

Mnr De Klerk het verskeie nasionale en internasionale toekennings en eredoktorsgrade ontvang. In 1981 het hy die Suid-Afrikaanse Dekorasie vir Voortreflike Diens ontvang. In 1992 het hy die Prix du Courage Internationale (die prys vir politieke moed) ontvang en hy was mede-ontvanger van UNESCO se Houphouet-Boigny-prys. In dieselfde jaar het hy ook die Prins van Asturias-prys in Spanje ontvang. In Julie 1993, saam met mnr Nelson Mandela, ontvang mnr De Klerk die Philadelphia-vredesprys en op 10 Desember dieselfde jaar was hy die mede-ontvanger, ook saam met mnr Mandela, van die Nobel-vredesprys.

In Januarie 1999 is mnr De Klerk se outobiografie, “Die Laaste Trek - ’n Nuwe Begin” (MacMillan) uitgereik en hy het in dieselfde jaar die FW de Klerk Stigting gestig, wat ten doel het om vrede in multi-gemeenskaplike samelewings te bevorder.

In 2004 het mnr De Klerk verskeie gerespekteerde voormalige nasionale leiers bymekaar gebring om by hom aan te sluit as stigterslede van die Global Leadership Foundation (GLF), ’n nie-winsgewende organisasie wat ten doel het om ’n konstruktiewe rol te speel in die bevordering van vrede, demokrasie en ontwikkeling in lande regoor die wêreld. Hy is ook die erevoorsitter van die Praag-vereniging vir internasionale samewerking in die Tsjeggiese Republiek; ’n lid van die vergadering van die parlement van kulture in Istanbul en hy is betrokke by Forum 2000, ’n dinktenk wat deur voormalige president Vaclav Havel en Nobel-vredespryswenner Eli Wiessel van stapel gestuur is. Daarbenewens dien hy as erelid van die Raadgewende Raad van die Peres Sentrum vir Vrede in Israel.

Mnr De Klerk lewer verskeie toesprake regoor die wêreld en neem as voormalige staatsman aktief deel aan internasionale konferensies oor die bevordering van vreedsame verhoudings in multi-gemeenskaplike samelewings , die toekoms van Afrika en Suid-Afrika en die uitdagings wat die wêreld in die nuwe millennium die hoof moet bied. Hy woon in Kaapstad en geniet die buitelewe, om te lees en golf te speel.

Tydraamwerk

Toekennings ontvang

1981 Suid-Afrikaanse Dekorasie vir Voortreflike Diens
1989 Nuusmaker van die Jaar, Johannesburgse Persklub
1989 Nuusmaker van die Jaar, Pretoriase Persklub
1990 Nuusmaker van die Jaar, Pretoriase Persklub
1991 Man van die Jaar, Instituut vir Bestuurskonsultante
1991 Bemarkingsman van die Jaar, FEDHASA
1991 Houphouet-Boigny-vredesprys, UNESCO
1992 Prix du Courage Politique Internationale, Frankryk
1992 Prins van Asturias-prys, Spanje

1992 Philadelphia Liberty-medalje
1993 Nobel-vredesprys
1994 Mede-ontvanger saam met President Nelson Mandela as Nuusmaker van die Jaar, Johannesburgse Persklub
2002 Orde van Mapungubwe: Goud

Akademiese Toekennings

1990 Eredoktorsgraad in Filosofie, D.Phil (hc), Universiteit van Stellenbosch
1990 Eredoktorsgraad in Regte, LL.D (hc), Universiteit van Potchefstroom
1991 Eredoktorsgraad in Regte, Universiteit van Bar-Ilan, Tel-Aviv, Israel
1991 Eredoktorsgraad in Filosofie, Nasionale Universiteit van Chengchi, Taipei, Taiwan, Provinsie van China
1994 Eredoktorsgraad, Universiteit van Vrije, Brussels, België
1994 Erelidmaatskap aan die Kollege van Medisyne van Suid-Afrika
1995 Eredoktorsgraad, LL.D, Universiteit van Suid-Afrika
1995 Eredoktorsgraad, LL.D, Universiteit van Zululand
2007 Eredoktorsgraad in Regte (hc) Universiteit van Salisbury, VSA
2014 Eredoktorsgraad in Filosofie, Universiteit van Haifa, Israel